LeerAfrikaans 123

# Ouditiewe Persepsie
# Luistervaardighede

# Ouditiewe Persepsie

Ouditiewe Persepsie is vir die kind baie belangrik en as 'n leerder swak luistervaardighede het, kan dit die leerder se skoolwerk negatief beïnvloed.

## Definisie

## Ouditiewe Geheue:

Die vermoë om te herroep, dit wat gehoor of na geluister is.

- Ouditiewe Geheue is noodsaaklik vir die uitvoering van instruksies en ook om die inligting wat die onderwyser/ouer aan die leerder oordra, te onthou.

## Ouditiewe Opeenvolging:

Die vermoë om klanke, woorde en getalle in die korrekte volgorde te herroep.

## Ouditiewe Diskriminasie:

Die vermoë om die ooreenkomste en verskille tussen klanke en woorde waar te neem.

## Ouditiewe Sluiting:

Die vermoë om 'n betekenisvolle woord of sin te worm, waarvan klanke of dele/lettergrepe uitgelaat is.

## Ouditiewe Analise:

Die vermoë om woorde in lettergrepe en klanke te kan opbreek.

- Ouditiewe diskriminasie, analise en sluiting is uiters belangrik in die lees-en-spelproses.

## Ouditiewe Sintese:

Die vermoë om klanke of lettergrepe te kan saamvoeg tot betekenisvolle woorde.

- **Wat is die verskil tussen ouditiewe persepsie en gehoor?**

Gehoor is die fisiese vermoë om geluide te hoor, bv. musiek, sang en mense wat gesels. Ouditiewe persepsie is die vermoë om te luister, te verstaan en te interpreteer wat gehoor word.

- Hoekom is dit belangrik dat Ouditiewe Persepsie (luistervaardighede) ontwikkel word?


- Ouditiewe persepsie help die leerder/s om te konsentreer.
- Dit help hulle om die verskil tussen klanke te hoor.
- Dit help hulle met die nuwe wiskundemetodes, bv. om al die inligting van 'n woordsom te onthou.
- Dit help leerder/s om die korrekte volgorde van klanke te onthou as hulle woorde spel.
- Dit help leerders om instruksies te onthou en met groter konsentrasie te luister.
- Saam met Visuele Persepsie is Ouditiewe Persepsie een van die belangrikste leermetodes.

## Wie kan die program gebruik?

- Hierdie program kan deur die onderwyser gebruik word as 'n hulpmiddel of deur die ouer as 'n tuisprogram om die kind se luistervaardighede te stimuleer.
- Dit kan ook gebruik word deur ouer/s wat hulle kinders tuis onderrig.

## Hoe om die program te gebruik?

- Spandeer ten minste 10 minute per dag aan die program.
- Hersien die vorige dag se werk voordat u met nuwe werk begin.
- Merk die voltooide aktiwiteite en gee meer aandag aan die aktiwiteite waarmee die leerder sukkel.
- Maak die program soveel pret as moontlik.
- Prys die leerder/s as hy/sy bes probeer, asook wanneer hy slaag.



# Ouditiewe geheue

(Gebruik Powerpoint Aanbieding hiervoor bl. 2-4.)


→ Die leerder maak sy oë toe en luister na die geluide. Die onderwyser speel elke geluid en leerder moet die geluide identifiseer.


- ‘n Hond wat blaf.
- ‘n Haan wat kraai.
- Voëltjies tjirp.
- ‘n Kat wat miaau.


→ Die leerder moet die geluide apart identifiseer en dan in die korrekte volgorde wat dit gehoor is. Verdander die volgorde ‘n paar keer.


HOU OOP VIR KNIP VAN
BLADSY!

→ Knip die kaartjies uit. Die leerder rangskik die kaartjies in die volgorde van wat dit gehoor is.










HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!

# Ouditiewe geheue

(Gebruik "Powerpoint Aanbieding" hiervoor bl. 5-7)


→ Die leerder maak sy oë toe en luister na die geluide. Die onderwyser speel elke geluid en leerder moet die geluide identifiseer.


- ''n Perd wat runnik.
- 'n Klokkie wat lui.
- Water wat drup.
- 'n Uil.


→ Die leerder moet die geluide apart identifiseer en dan in die korrekte volgorde wat dit gehoor is. Verdander die volgorde 'n paar keer.



HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!

→ Knip die kaartjies uit. Die leerder rangskik die kaartjies in die volgorde van wat dit gehoor is.










HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!

# Ouditiewe geheue

(Gebruik “Powerpoint Aanbieding” hiervoor bl. 8-10)

→ Die leerder maak sy oë toe en luister na die geluide. Die onderwyser speel elke geluid en leerder moet die geluide identifiseer.


- Bye wat zoem.
- ‘n Skaap wat blêr.
- Tap water in ‘n glas/houer.
- ‘n Hen wat kekkel.


→ Die leerder moet die geluide apart identifiseer en dan in die korrekte volgorde wat dit gehoor is. Verdander die volgorde ‘n paar keer.



HOU OOP VIR KNIP VAN
BLADSY!

→ Knip die kaartjies uit. Die leerder rangskik die kaartjies in die volgorde van wat dit gehoor is.










HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!

# Ouditiewe geheue

→ Die leerder/s herhaal rymwoorde, kategorïee (families), onverwante woorde, syfers in korrekte volgorde.

→ Begin met 2 woorde en stop as die leerders nie meer as 3 tot 4 kan herhaal nie. ('n Graad I leerder moet ten minste vier woorde korrek kan herhaal.)

## Rymwoorde

| | | | |
|---|---|---|---|
| mat | kat | | |
| mat | kat | lat | |
| mat | kat | lat | rat |
| mot | rot | | |
| mot | rot | kot | |
| mot | rot | kot | lot |

| | | | |
|---|---|---|---|
| mes | ses | | |
| mes | ses | les | |
| mes | ses | les | res |
| kos | vos | | |
| kos | vos | los | |
| kos | vos | los | mos |

## Kategorïee (families)

| | | | |
|---|---|---|---|
| appel | Piesang | | |
| appel | piesang | Lemoen | |
| appel | piesang | lemoen | narjtie |
| peer | perske | | |
| peer | perske | druiwe | |
| peer | perske | druiwe | piesang |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ma | pa | | |
| ma | pa | ouma | |
| ma | pa | ouma | oupa |
| leeu | tier | | |
| leeu | tier | kat | |
| leeu | tier | kat | luiperd |

## Onverwante woorde

| | | | |
|---|---|---|---|
| kar | appel | beer | |
| vis | kat | son | |
| arm | jas | pop | |
| kas | koei | kerk | |
| kas | koei | son | man |
| boom | rok | vark | dak |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| tas | skool | rok | man | bak |
| pap | skoen | meisie | son | kar |
| rak | huis | mot | leeu | pap |
| mes | tafel | bord | meisie | skool |
| arm | jas | kook | mak | son |
| hond | jas | kloek | rok | mot |

**Syfers**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9 | 5 | 6 | |
| 3 | 7 | 1 | 8 |
| 2 | 6 | 1 | 9 |
| 4 | 3 | 8 | 1 |
| 2 | 1 | 4 | 9 |
| 2 | 3 | 6 | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5 | 1 | 3 | 7 | 2 |
| 6 | 2 | 4 | 9 | 3 |
| 1 | 5 | 2 | 7 | 3 |
| 6 | 2 | 8 | 1 | 7 |
| 2 | 6 | 8 | 3 | 1 |
| 7 | 2 | 9 | 1 | 5 |

# Ouditiewe geheue

→ Die onderwyser sê 'n paar woorde, herhaal die woorde, maar los een van die woorde weg. Die leerder moet dan sê watter woord of woorde weggelaat is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| man | hoed | **son** | |
| man | hoed | son word uitgelaat | |

- **Doen dieselfde met die volgende rye.**
- **Los die onderstreepte woord uit.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| blom | huis | **rok** | |
| kat | **meisie** | rak | |
| **pop** | man | koor | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hond | raas | **jakkels** | brood | |
| boom | rok | vark | **loop** | |
| woon | **tuin** | tafel | hoed | kas |
| blom | kos | rak | motor | **appel** |

# Ouditiewe geheue

→ Luisterspeletjie: "Ons gaan winkel toe."

Die onderwyser sê wat sy by die winkel gaan koop en die leerders moet dit herhaal. Die leerders kan ook hulle eie items opnoem. Herhaal tot die leerders nie meer die aantal items kan herhaal nie.

| |
|---|
| Ek koop brood. |
| Ek koop brood en melk. |
| Ek koop brood , melk en eiers. |
| Ek koop brood, melk, eiers en suiker. |
| Ek koop brood, melk, eiers, suiker en appels. |
| Ek koop brood, melk, eiers, suiker, appels en 'n koerant. |
| Ek koop brood, melk, eiers, suiker, appels, 'n koerant en konfyt. |
| Ek koop brood, melk, eiers, suiker, appels, 'n koerant, konfyt en botter. |

## Ouditiewe geheue

- **Luister en doen**

Begin met een opdrag en vermeerder opdragte na drie of vier.

→ Raak aan jou hare.
→ Raak aan jou maag,
→ Klap jou hande l keer en staan op.
→ Klap jou hande en raak aan jou knieë.
→ Raak aan jou tone, raak aan jou ore en raak aan jou wange.


Gaan aan totdat leerders ten minste vier opdragte na mekaar kan uitvoer.


- **<u>Luister en doen.</u>**

→ Elke leerder kry een van die werkvelle op die volgende bladsy.

→ Gee die volgende opdragte:

- Kleur die grootste sirkel geel in.
- Kleur die kleinste sirkel blou in.
- Kleur die diamante rooi in.
- Kleur die vierkant groen in.
- Kleur die klein vierkant oranje in.
- Kleur die kleinste driehoek geel in.
- Teken 'n sirkel binne die groote reghoek.
- Kleur die klein reghoek rooi in.
- Teken 'n sterretjie in die boonste, linkerkantste hoek.


HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!



# Ouditiewe Diskriminasie

Die onderwyser gee die volgende opdragte:

- Klap jou hande elke keer as jy 'n nommer twee hoor.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 2 | 4 | 1 | 2 | 6 | 8 | 2 | 3 | 1 |

Herhaal met ander syfers.

- Klap jou hande elke keer as jy jn 'n "s" klankie hoor.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | k | a | s | r | l | s | m | s | t |

Herhaal met ander klanke.

- Ek gaan drie woorde sê, twee is dieselfde, maar een verskil. Sê die woord wat anders klink.

| | | |
|---|---|---|
| haan | rok | haan |
| boom | boom | saag |
| hond | tak | tak |
| raak | raak | toon |
| meisie | seun | meisie |
| koor | koor | haan |
| loop | mans | loop |
| boek | bok | boek |

- Ek gaan nou twee woorde së. Jy moet sê of die woorde dieselfde of anders is:

| | |
|---|---|
| park | vark |
| goud | goud |
| fout | sout |
| oud | oud |
| paar | raap |
| koes | woes |
| som | som |
| was | wal |
| mes | nes |
| maar | naar |
| mes | mes |
| nek | lek |

- Luister na die volgende woorde. Begin hulle met dieselfde klank? Knik met jou kop "Ja" as die woorde met dieselfde klank begin of knik "Nee" as dit nie met dieselfde klank begin nie.

| | |
|---|---|
| rooi | rok |
| pers | vers |
| tafel | tas |
| lamp | laai |
| loop | sing |
| kam | kar |

| | |
|---|---|
| dam | lam |
| pen | papier |
| boek | boom |
| blaar | blaas |
| gaar | gaas |
| kon | kas |

- Klink die volgende woord dieselfde of klink hulle ander?

(Leerder wys duim op as dit dieselfde is of duim af as dit nie dieselfde is nie.)

| | |
|---|---|
| les | lek |
| bees | reus |
| fees | fees |
| lees | kees |
| seun | seun |
| gou | gou |
| wag | was |
| dik | dak |
| rak | rak |
| sak | bak |

- Watter woord begin nie met dieselfde klank as die ander nie.

| | | |
|---|---|---|
| vis | voet | weg |
| gaan | goed | gee |
| huis | haar | jaag |
| beer | bok | dok |
| kas | sak | kos |
| kat | kat | mat |
| sien | nies | seun |
| vies | kies | vinnig |

- Kies die regte woord in die volgende sin.

Ek slaap in my bed/vet.

Ek skryf 'n brief/grief.

Jy moenie so raas/laas nie.

Ek borsel my hare/blare.

My hond het twee ore/vore.

Skakel die lig/lag aan.

Die kind is hout/stout.

Die kind/lint wil nie luister nie.

# Ouditiewe Sluiting

- Die onderwyseres/ouer sê die volgende sinne en die leerder moet die woorde voltooi.

As dit warm is gaan ons ____wem.

Ons eet graag roomys by die ____ee.

Ek ___ees graag boek.

Ek speel met my maa__jie.

Ek pak my _oeke in my s_ooltas.

Ek het 'n oli_ant by die sirkus gesien.

Ek het ie_and by die deur hoo_ inkom.

Ek s_ryf mooi met die po__lood.

- Die onderwyser sê die woorde verkeerd en die leerder moet die woorde korrek uitspreek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| _epel | a_pel | _olke | po__ood | pie_ang |
| pa_ier | juff_ou | _arretjie | paar_ie | Ge__peel |

- Ek gaan vir julle 'n storie vertel. Van die woorde in die storie klink verkeerd. Jy moet jou hand opsteek as jy 'n woord hoor wat verkeerd klink en dan die korrekte woord sê.

Eendag het Jan en sy __ssie in die __andpit ge_peel. Jan het met die _ooi em_ertjie gespeel en sy _ussie het met die b-ou emmertjie ge_peel. Jan het 'n —asteel gebou en sy —ssie het 'n pi-amiede ge_ou. Hulle het lek_er ge-peel. Ma-ma het hul_e ge_oep om koe-drank te ko_ d_ink.

- Ek gaan 'n paar woorde sê. Help my om die woorde korrek te sê. Óf ek gaan 'n deel van 'n woord sê en julle moet die hele woord vir my sê.

| | |
|---|---|
| gor_yn (gordyn) | ven_ter (venster) |
| ba_ka_er (badkamer) | skoe_la_per (skoenlapper) |
| kro_odil (krokodil) | aa_tappel (aartappel) |
| mos_erd (mosterd) | han_oek (handdoek) |
| ta_el (tafel) | ku_sing (kussing) |
| wa_telmoen (Waatlemoen) | ysstryker (strykyster) |
| y_kas (yskas) | -eep (seep) |
| _pieël (spieël) | toi_et (toilet) |

# Ouditiewe Analise

- Luister na die woord en klap elke deel. Hoeveel dele het die woord.

| | | | |
|---|---|---|---|
| son-sky n | boom-wor-tel | gras-perk | sak-doek |
| kle-re-kas | ta-fel-poot | tan-de-pas-ta | skool-boe-ke |
| ta-ma-tie | pie-sang-skil | rond-om-ta-lie | skoen-ve-ter |
| per-ske-pit | ver-skil | ver-skil-len-de | boon-tjie |
| bot-ter | grond-boon-tjie-bot-ter | o-li-fant | was-goed-man-djie |
| ver-de-dig | ver-be-ter | ak-ker | wak-ker |
| wak-ker-der | groot | gro-ter | mod-der |
| won-der-lik | lang-broek | won-der-werk | aan-me-kaar |

- Watter woord is die langste. Klap die twee woorde en sê watter woord is die langste.

| | |
|---|---|
| baadjie hoed | slaapklere sakdoek |
| Pantoffels skoene | Baadjie bloes |
| Waatlemoen perske | Olifant renoster |
| Trui langbroek | Skoenveters kortbroek |
| Rokkie pantoffels | Venster kantgordyn |
| Skoolboek sokkerballe | Tamatie sokkerballe |

- Luister na die volgende woorde.   Sê met watter klank elke woord begin.

| |
|---|
| bank |
| rok |
| saag |
| mak |
| Rak |
| gom |
| wol |
| huis |
| bal |
| Tak |
| rook |
| vaak |
| winter |
| vol |
| Kaas |
| tuin |
| been |
| vinger |
| donkie |

Emmer

ink

jakkels

maan

net

Os

perd

raas

tee

sop

Vuis

zebra

tafel

kook

boek

Wurm

gang

man

tand

vaak

water

- Herhaal die woorde, maar die keer moet die leerders sê met watter klank die woorde eindig.

- Die volgende lys woorde kan mee geoefen word vir luister na begin, middel en eindklanke

| | | |
|---|---|---|
| ➢ bal | | |
| ➢ bas | | |
| ➢ dag | | |
| ➢ dak | | |
| ➢ dam | | |
| ➢ das | | |
| ➢ ham | | |
| ➢ hap | | |
| ➢ ja | | |
| ➢ jag | | |
| ➢ jas | | |
| ➢ kaf | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ kam | | |
| ➢ kap | | |
| ➢ kas | | |
| ➢ kat | | |
| ➢ laf | | |
| ➢ lag | | |
| ➢ lam | | |
| ➢ man | | |
| ➢ mak | | |
| ➢ mat | | |
| ➢ nag | | |
| ➢ nar | | |
| ➢ nat | | |
| ➢ pad | | |
| ➢ pak | | |
| ➢ pap | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ rak | | |
| ➢ ram | | |
| ➢ rat | | |
| ➢ sag | | |
| ➢ sak | | |
| ➢ sap | | |
| ➢ tak | | |
| ➢ tas | | |
| ➢ val | | |
| ➢ van | | |
| ➢ vas | | |
| ➢ was | | |
| ➢ wa | | |
| ➢ bel | | |
| ➢ dek | | |
| ➢ hef | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ heg | | |
| ➢ hen | | |
| ➢ ken | | |
| ➢ lek | | |
| ➢ lem | | |
| ➢ les | | |
| ➢ mes | | |
| ➢ nek | | |
| ➢ nes | | |
| ➢ net | | |
| ➢ pen | | |
| ➢ pet | | |
| ➢ red | | |
| ➢ reg | | |
| ➢ rek | | |
| ➢ ses | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ tel | | |
| ➢ veg | | |
| ➢ vel | | |
| ➢ vet | | |
| ➢ wed | | |
| ➢ wen | | |
| ➢ wes | | |
| ➢ bid | | |
| ➢ dik | | |
| ➢ gif | | |
| ➢ gil | | |
| ➢ gis | | |
| ➢ kis | | |
| ➢ lid | | |
| ➢ lig | | |
| ➢ lip | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ mik | | |
| ➢ mis | | |
| ➢ pik | | |
| ➢ pil | | |
| ➢ pit | | |
| ➢ rib | | |
| ➢ rif | | |
| ➢ sif | | |
| ➢ sin | | |
| ➢ sit | | |
| ➢ tik | | |
| ➢ vin | | |
| ➢ vis | | |
| ➢ wip | | |
| ➢ bok | | |
| ➢ bol | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ bos | | |
| ➢ bot | | |
| ➢ dof | | |
| ➢ dok | | |
| ➢ dop | | |
| ➢ gom | | |
| ➢ hof | | |
| ➢ hok | | |
| ➢ hop | | |
| ➢ kok | | |
| ➢ kom | | |
| ➢ lok | | |
| ➢ los | | |
| ➢ mos | | |
| ➢ mot | | |
| ➢ non | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ os | | |
| ➢ pof | | |
| ➢ pol | | |
| ➢ pop | | |
| ➢ pos | | |
| ➢ pot | | |
| ➢ rok | | |
| ➢ rot | | |
| ➢ sog | | |
| ➢ sok | | |
| ➢ som | | |
| ➢ son | | |
| ➢ sop | | |
| ➢ tol | | |
| ➢ top | | |
| ➢ tor | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ vol | | |
| ➢ vos | | |
| ➢ wol | | |
| ➢ kug | | |
| ➢ kus | | |
| ➢ rug | | |
| ➢ dun | | |
| ➢ nul | | |
| ➢ lus | | |
| ➢ rus | | |
| ➢ mus | | |
| ➢ hut | | |
| ➢ vul | | |
| ➢ juk | | |
| ➢ buk | | |
| ➢ put | | |

| | | |
|---|---|---|
| ➢ bus | | |
| ➢ kul | | |
| ➢ bul | | |

- Luister mooi na die volgende opdragte.

| | |
|---|---|
| Sê reënboog. Sê dit weer, maar moenie reën sê nie. | boog |
| Sê sitplek. Sê dit weer, maar moenie plek sê nie. | sit |
| Sê bourommel. Sê dit weer, maar moenie bou sê nie. | rommel |
| Sê tafelpoot. Sê dit weer, maar moenie poot sê nie. | tafel |
| Sê handskoen. Sê dit weer, maar moenie hand sê nie. | skoen |
| Sê wasmasjien. Sê dit weer, maar moenie masjien sê nie. | was |
| Sê meisieskool. Sê dit weer, maar moenie skool sê nie. | meisie |
| Sê moskonfyt. Sê dit weer, maar moenie mos sê nie. | konfyt |

| | |
|---|---|
| Sê koud. Sê dit weer, maar moenie die “k” sê nie. | oud |
| Sê mas. Sê dit weer, maar moenie die “m” sê nie. | as |
| Sê vrou. Sê dit weer, maar moenie die”v” sê nie. | rou |
| Sê skool. Sê dit weer, maar moenie die “k” sê nie. | sool |
| Sê skool. Sê dit weer, maar moenie die “s” sê nie. | kool |
| Sê skuur. Sê dit weer, maar moenie die “k” sê nie. | suur |
| Sê skuur. Sê dit weer, maar moenie die “sk” sê nie. | uur |
| Sê skeer. Sê dit weer, maar moenie die “k” sê nie. | seer |

- Die ouer/onderwyser sê ‘n woord en die leerder moet dit herhaal. Vra dan die volgende vrae.

| | |
|---|---|
| Skoolseun: Is die woord skool in skoolseun? | Ja |
| Potlood: Is die woord pot in potlood? | Ja |
| Kosblik: Is die woord kas in kosblik? | Nee |
| Handskoen: Is die woord soen in handskoen? | Nee |
| Skoenveter: Is die woord vetter in skoenveter? | Nee |
| Handdoek: Is die woord doek in handdoek? | Ja |
| Handdoek: Is die woord boek in handdoek? | Nee |
| Sneeuman: Is die woord maan in sneeuman? | Nee |

- Hierdie is net ‘n paar voorbeelde, wat die ouer/onderwyser kan gebruik. Gebruik elke keer ander woorde as u die oefeninge doen.




- Watter woord pas nie?

(Leerder moet kan sê hoekom die woord nie pas nie.)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sak | rak | rok | roep | sak begin met "s" en nie "r" nie. |
| tas | tong | pas | toon | pas |
| dam | doring | donkie | boom | boom |
| vinger | vuil | ring | vurk | ring |
| man | maan | moeg | nat | nat |
| los | koor | kos | koek | los |
| bos | boor | blik | klik | k |
| nag | nes | fles | mes | nag: Al die ander woorde eindig met "es" |







- Speletjie:

Ek sien met my kleine ogies iets wat met 'n "s" begin.

Die leerder gee dan verskillende items tot hulle die korrekte een sê.

✵ 'n Baie lekker speletjie om te speel in die motor.

- Kyk na die prentjie. Sê die woord hardop en omkring die letter waarmee die woord begin.

| | | |
|---|---|---|
| s m k | b k m | k m t |
|  |  |  |
| v l n | k t r | r m n |
|  |  |  |
| s l m | s t m | s g r |
|  |  |  |

- Kyk na die prentjies. Sê elke woord hardop. Waarmee begin die woorde en waarmee eindig die woorde. Kleur al die prentjies in wat met 'n "a" begin.



- Die onderwyser/ouer vertel die storie.
- Die leerder knip die prentjies uit en plak dit in volgorde.













- Kyk na die prentjies. Sê elke woord hardop. Waarmee begin die woord en waarmee eindig die woord. Kleur al die prentjies in wat met 'n "e" begin.

